# SIEL VOL KOMMER EN VOL SMART

E A E $B^7$

1. Siel vol kommer en vol smart, by Jahweh is heil!

E A E $B^7$ E

Bring die weeklag van jou hart, by Jahweh is heil!

$B^7$ E $B^7$

Fluister al jou leed Hom sag, Jahweh gee aan swakkes krag;

E $F^{\#}m$ $B^7$ E

spreek vermoeide, Hy gee ag – by Jahweh is heil!

E A E $B^7$

2. Kom, o sondaar, kom vandag, by Jahweh is heil!

E A E $B^7$ E

Moet jou Heiland langer wag? by Jahweh is heil!

$B^7$ E $B^7$

Bron van vreug en vree is Hy, vol genade ryk en vry;

E $F^{\#}m$ $B^7$ E

steeds, vermoeide, digterby – by Jahweh is heil!

E A E $B^7$

3. Hef ‘n blye danklied aan, Jahweh is ons heil!

E A E $B^7$ E

Daar’s vir ons die weg gebaan, Jahweh is ons heil!

$B^7$ E $B^7$

Hy bied hulp en troos in leed, liefde, eind’loos, ongemeet;

E $F^{\#}m$ $B^7$ E

kon die ganse aard’ dit weet – Jahweh is ons heil!